Noordelike Sinode

TAAKSPAN VROEë KINDERONTWIKKELING 3
Verslag

1. Opdrag

Om in samewerking met die CMR die werk wat ‘n vorige taakspan gedoen het, verder voort te sit.

2. Taakspan

Taakspanleier: Ronél Aylward (In samewerking met die CMR)

Taakspanlede: Johan Erasmus, Judy van Heerden, Marie-Jean Brink, Liesel Ebersohn, Rehan Rheeder, Paul Grobler (ampshalwe).

3. Uitvoering van die opdrag

CMR Noord het tydens hul jaarlikse strategiese beplanning spesifiek daaraan aandag gegee om die projek te inkorporeer en die Noordelike Sinode se VKO-program is ‘n staande item op die agenda van die bestuurs-, beheerraads- en personeelvergaderings.

CMR Noord het reeds die volgende aksies geneem in terme van die program:
NG Messina is genader. Hulle is baie positief oor betrokkenheid by die Voorskoolse Ontwikkelingsentrum wat deur ‘n eksterne party op die kerkperseel bedryf word en gebasseer op die handleiding wat deur die taakspan beskikbaar gestel is.
URCSA het ook aangedui dat hulle belangstel in die projek en die maatskaplike werker by CMR Noord se Louis Trichardt Sentrum van Hoop is besig om hieraan aandag te gee.
Een van die maatskaplike werkers in by CMR Noord se Warmbad Sentrum van Hoop het ‘n behoeftige voorskoolse ontwikkelingsentrum in Warmbad geïdentifiseer en NG Warmbad Moedergemeente het aangedui dat hul by genoemde sentrum betrokke wil raak.

Ander CMR Noord Sentrums van Hoop het ook reeds behoeftige sentrums geïdentifiseer en is in die proses om na gemeentes uit te reik.

Sien aangehegte Addendum met die volledige handleiding.

4. Verdere beplanning

4.1. Gemeentes sal aangemoedig word om deel te neem aan die “Adopt-a-preschool” program en die kundigheid van die taakspan in hierdie verband sal benut.
4.2. CMR Noord Sentrums van Hoop sal voortgaan om gemeentes te nader en bewus te maak van die behoeftes van Voorskoolse Ontwikkelingsentrums in hul omgewing en betrokkenheid by hierdie sentrums fasiliteer.
4.3. Samewerking met die Wes Kaap Sinode (Little Seeds) sal voortgaan ten einde die implimentering van die program so wyd as moontlik te bevorder.

5. Slotwoord

Die VKO Taakspan is dankbaar vir die werk wat gedoen kon word oor Vroeë Kind Ontwikkeling. Alhoewel die taakspan se werk voltooi is, is taakspanlede steeds bereid om in samwerking met die CMR, gemeentes in hierdie verband by te staan om hierdie uiters belangrike aspek van Diens van Barmhartigheid te bevorder. Ons kinders (en hul versorgers) is ons toekoms en speel ‘n baie belangrike rol in van die Koninkryk van God. Dit is vir ons ‘n voorreg om op hierdie manier in die Kerk en in die Here se diens te staan.